JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
NUUSBRIEF: 4 3 - 10 Febr 2023

INTERSKOLE SWEMGALA:
Die span wat deurdring na die Interprimêre gala in Bloemfontein op 20 en 21 Februarie sal teen Woensdag, 8 Februarie op die graadgroepe bekendgemaak word.

ATLETIEK
Die Fichardpark atletiekbyeenkoms vind plaas op Saterdag, 11 Februarie. Ouers moet asseblief teen Maandag, 6 Februarie, nie later as 8:00, vir JJ laat weet wie gaan wel deelneem, sodat hy die atlete kan registreer.

TWEEKAMP
Baie sterkte aan die leerders wat op 7 Februarie aan tweekamp in Bloemfontein gaan deelneem.

KOOR
Ons koor begin volgende week weekliks op Woensdae oefen. Sien Buitemuurse Rooster vir tye.

KOEKIEVERKOPING
Die Graad 7 klas hou Maandag, 6 Februarie 'n koekieverkoping. Leerders word aangemoedig om 'n geldjie skool toe te bring ter ondersteuning van die Graad 7's.

NAUTILUS / WISKUNDE
Leerders wat aan die Nautilus wil deelneem, moet asseblief hulle R220 nie later as Maandag, 13 Februarie, by Juffrou Elza inbetaal.
Onthou: Eerskomende Woensdag, 8 Februarie, gaan daar Wiskunde-klub wees. (Sien Buitemuurse Rooster vir tye).

VERGADERINGS
Kennis geskied rakende die volgende vergaderings:
- Finansiële komitee: Maandag, 6 Februarie om 12:00
- Beheerliggaam: Maandag, 6 Februarie om 14:05

KOSHUIS
Koshuisouers word herinner om hulle koshuisfooie op datum te hou. Kinders wie se fooie agterstallig is, gaan ongelukkig nie gehuisves kan word nie.

Die koshuis streef daarna om 'n goeie tweede huis weg van kinders se regte huis te wees.

Koshuisouers, personeel en dagskoliere neem asseblief deel aan ons anonieme koshuismeningspeil. Die peiling word elektronies voltooi. Alle terugvoer word waardeer. Hier is die link:
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeZvAQraHSIwZMGG-6qvyNN07CIe_BGTDN5NwpiYmwuh_VOZQ/viewform?usp=pp_url

Voel jy soos 'n uitgebraaide hoender? Die koshuis het die oplossing – "Cooling towels" te koop teen R70 elk. Bestellings word geplaas by Elke van der Westhuizen: 082 849 5981.

- **DIE SKOOL VERDAAG DINSDAG, 7 FEBRUARIE, OM 13:30 A.G.V. 'N DEPARTEMENTELE KURSUS WAT ONDERWYSERS MOET BYWOON. DAAR SAL GEEN BUITEMUURS WEES NIE, TENSY ANDERS GEREëL DEUR AFRIGTERS.**

…….....
T.E. MOSTERT
WAARNEMENDE SKOOLHOOF

GEBEDSLYS

Dankie vir die reën wat ons ontvang het.

Jakkies

Wil ń bekostigbare geleentheid vir kinders en grootmense bied om te lees.

Skenk asb al daardie tweedehandse boeke wat so stof opgaar aan ons biblioteek.

Kontak Annelie 065 891 0146

Sy is by die boekstoor as jy boeke wil aflewer.

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL BIED AAN

17 Februarie
18:00
Skoolsaal

Besprekings:
Slegs tot 14Feb.
Hetmarie
082 297 6605

R100 per persoon
R50 per laerskoolkind

Valentynsdans!

Beskikbaar:
Braaivleisvure
Musiek
Tafels en stoele
Bykosse

Bring saam:
Vleis
Breekware en eetgerei
Drinkgoed
(R20 per koelboks)

Valentynsdag is om die draai. Ondersteun JOS en kom koop Maandag, 13 Februarie, tydens 1'ste pouse, 'n oulike geskenkie vir iemand spesiaal.
Groot verskeidenheid mooi goed, eet goed en bederf goed, teen sakpas pryse.